As die fondamente verkrummel.

21 Julie 2024

Dr. Chris van Wyk
info@moreleta.co.za

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Inleiding

Fellowship - 25 min

Verwelkoming & Gebed:
Dit is nie nodig om al die vrae te hanteer nie.

1. Waarvoor is jy dankbaar?
2. Watter uitdagings het jy die afgelope week ervaar?

Gee minstens 2 persone kans om te bid. Ons bid vir mekaar se uitdagings en sê vir die Here dankie vir dit waaroor ons kan dankbaar wees.

Ons gaan twee verhale uit Genesis hoofstuk 37-50 lees. Hierdie deel is in vele opsigte die belangrikste fase van die verbondsgeskiedenis in Genesis, die familiegeskiedenis van Jakob. Dit word ook die Josef-siklus genoem, omdat Josef so 'n belangrike rol in hierdie hoofstukke speel.
Trouens, Josef is die eerste persoon wat in hierdie familiegeskiedenis van Jakob genoem word, en is die hoofkarakter waarom dié uitmuntend saamgestelde verhaal wentel.
'n Mens kan die verhaal in twaalf episodes indeel waarvan ek net die derde en laaste gaan lees. Dit is die verhaal in Genesis 39 van Josef wat Potifar se vrou weerstaan, en die verhaal van Josef in Genesis 50 waar hy sy broers gerusstel en hulle vrese besweer dat hy tog uiteindelik téén hulle sal optree met die verstommende woorde: "Julle het kwaad teen my beplan, maar God het dit vir iets goeds in gedagte gehad."

Lees saam

Die Woord - 30 min
Skrifgedeeltes: **Genesis 39:1-23 en 1 Tessalonisense 4:3-8**

Een persoon lees die gedeelte.
'n Tweede persoon vertel die verhaal so volledig moontlik. Dit is nie 'n intelligensie toets nie. Die doel hiervan is om net 'n geheelbeeld van die gedeelte te kry. Moenie die gedeelte opsom of jou opinie gee van wat hier staan nie. Vertel so feitelik moontlik wat hier staan.
'n Derde persoon lees die gedeelte 'n tweede keer.

Gesels saam

Bespreek die Skrifgedeeltes aan die hand van drie vrae:

1. **Wat leer ons van God in hierdie gedeelte?**
   (Hoe openbaar God Homself aan my: Wie Hy is, Sy karakter, werke, bevele, beloftes?)
2. **Wat leer ons van onsself/ander mense uit hierdie Skrifgedeelte?**
   (Wat verwag God van my volgens hierdie gedeelte – bv. om te vergewe, groei in my verhouding met Hom, gehoorsaam te wees, en in 'n verhouding met Hom te leef? Wat moet in my lewe verander? Wat is my verantwoordelikhede?)
3. **'n Baie sinvolle vraag om te vra, is: Waarom dink jy is hierdie gedeelte in die Bybel?**

As die fondamente verkrummel
21 Julie 2024
Dr. Chris van Wyk

Gesels saam

Daar is niks belangriker as jou intieme verhouding met die Here nie.
Bespreek die Skrifgedeeltes aan die hand van drie vrae:

1. Wat leer ons van God in hierdie gedeelte?
(Hoe openbaar God Homself aan my: Wie Hy is, Sy karakter, werke, bevele, beloftes?)

2. Wat leer ons van onsself/ander mense uit hierdie Skrifgedeelte?
(Wat verwag God van my volgens hierdie gedeelte – bv. om te vergewe, groei in my verhouding met Hom, gehoorsaam te wees, en in 'n verhouding met Hom te leef? Wat moet in my lewe verander? Wat is my verantwoordelikhede?)

3. 'n Baie sinvolle vraag om te vra, is: Waarom dink jy is hierdie gedeelte in die Bybel?

Doen saam

Gehoorsaamheid - 20min

Nadat julle Genesis 39 en 1 Tessalonisense 4 bestudeer het, wat voel julle vra die Heilige Gees van julle om te doen?

Omdat dit God is wat hier praat, moet ons reageer. In hierdie gedeelte van die groepsbyeenkoms gaan ons oor van inligting na. gehoorsaamheid: Is daar iets wat in jou lewe moet verander in die lig van julle bespreking van hierdie Skrifgedeeltes?
Wat is daar wat jy in die komende week moet doen na aanleiding van julle bestudering van hierdie Skrifgedeeltes? Hoe kan jy 'n seën wees vir ander mense rondom jou?
Wees baie spesifiek. Almal in die groep reageer op die Woord met 'n I will statement vir die week en deel dit met die groep. 'n I will statement is 'n persoonlike verbintenis tot wat jy in die komende week prakties sal doen in gehoorsaamheid aan wat die Heilige Gees vir jou sê.

Wat sê die Woord moet ek gaan doen hierdie week?
Hierdie gedeelte is waar die hele proses van dissipelskap en dissipelmaking staan of val. Hier beweeg ons van dit wat ons in die Woord ontdek het, na gehoorsaamheid aan Hom.

Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties in moet aandag gee? (INWAARTS)
Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)

I Will Statement:

_____

_____

Bid saam

Bid saam as 'n groep.

- Wanneer ons bid, staan ons in die teenwoordigheid van God. Dit is die belangrikste gesprek van julle tyd saam. Moenie hierdie gebedstyd verwaarloos nie.
- Neem tot 15 minute vir gebed. Ons bid vir die mekaar oor ons I will statements – dat die Here elkeen sal help met wat hulle beleef die Here sê hulle moet doen.
- Hier bid ons ook vir mekaar se behoeftes